higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT DIE REGTE
NKR VLAK 2

(8021002)

12 November 2024 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 7 bladsye.

076Q1N2412

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
INLEIDING TOT DIE REGTE
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Dui aan watter stelling korrek is.

A Die stelling 'verbod op owerspel' is 'n voorbeeld van 'n regsnorm.
B Regsnorme bepaal nie die regte en pligte van mense wat 'n regsverhouding het nie.
C Regsnorme is morele beginsels wat bepaal dat niemand bo die reg verhewe is nie.
D 'n Regsnorm is 'n stel reëls wat op algemeen aanvaarde sosiale gedrag gegrond is.

1.2 Dui aan watter stelling verkeerd is.

A Dit is nie vir die staat nodig om die reg te gehoorsaam nie.
B Die staat kan nie gesag oor iemand uitoefen tensy die reg dit toelaat nie.
C Die doel van die oppergesag van die reg is om basiese individuele regte te beskerm.
D Die oppergesag van die reg vereis dat staatsinstellings ooreenkomstig die reg optree.

1.3 Die ... is 'n regskeppende orgaan.

A Suid-Afrikaanse Polisiediens
B Departement van Korrektiewe Dienste
C Munisipale raad
D Departement van Onderwys

1.4 Die ... bepaal of 'n baba lewend gebore is.

A Huwelikswet 25 van 1961
B Strafproseswet 51 van 1977
C Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.
D Kinderwet 38 van 2005

1.5 Wie in die staat is die oppervoog van alle kinders?

A Die Hoë Hof
B Minister van Onderwys
C Minister van Welsyn
D Konstitusionele Hof

Kopiereg voorbehou

1.6 Dui aan watter stelling oor ’n publieke maatskappy verkeerd is.

A Dit kan op die aandelebeurs genoteer word.
B Dit bestaan uit minstens vier persone.
C Dit verkry kapitaal van die publiek.
D Die naam eindig met ‘Beperk’.

1.7 Watter stelling is verkeerd met betrekking tot billike arbeidspraktyke?

A ’n Werker het die reg om te staak.
B Vakbonde en werkgewers het die reg op kollektiewe bedinging.
C Slegs werkers het die reg om organisasies te stig en daarby aan te sluit.
D Werkers mag vakbonde stig en daarby aansluit.

1.8 Waar is die Konstitusionele Hof gesetel?

A Bloemfontein
B Durban
C Johannesburg
D Pietermaritzburg

1.9 Watter stelling is verkeerd met betrekking tot die Hoë Hof?

A Dit kan ’n boete van meer as R300 000 oplê.
B ’n Hoë Hof kan nie ’n aanklag van hoogverraad verhoor nie.
C Dit kan enige strafbare oortreding verhoor, maar verhoor meestal ernstige sake.
D Dit kan ’n vonnis van gevangenisstraf van langer as 15 jaar oplê.

1.10 Waar is die Hoogste Hof van Appèl gesetel?

A Durban
B Pietermaritzburg
C Bloemfontein
D Braamfontein

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Suid-Afrikaanse gemenereg staan bekend as Romeins-Hollandse reg.

2.2 Wanneer ’n deskundige getuie getuienis in die hof aflê, mag hulle nie na enige handboeke verwys nie.

2.3 Die doel van die oppergesag van die reg is om basiese individuele regte te beskerm.

2.4 Die erfreg maak deel uit van privaatreg.

2.5 Die beskerming van menseregte is ’n saak waarmee slegs individuele lande hulle bemoei.

2.6 Die siviele prosesreg word in die Strafproseswet 51 van 1977 uiteengesit.

2.7 Met betrekking tot inheemse reg in Suid-Afrika is daar ’n streng skeiding van die geregtelike proses in siviele en strafregtelike verrigtinge.

2.8 Owerspel is nie meer ’n misdryf in moderne Suid-Afrikaanse reg nie.

2.9 Die Wet op Kinderberegting 75 van 2008 het op 1 April 2010 in werking getree.

2.10 Die Konstitusionele Hof besluit finaal of ’n wet of optrede van die President grondwetlik is of nie.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies ’n beskrywing uit KOLOM B om by ’n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die nommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	En commandite	A	’n voorneme of vasberadenheid van die verstand
3.2	Opset	B	streek of distrik wat die jurisdiksie van die laer howe beperk
3.3	Jurisdiksie	C	nie per naam geïdentifiseer nie
3.4	Geografiese gebied	D	die bevoegdhede en funksies van ’n hof of ander instelling
3.5	Geregtigheid	E	’n vennootskap wat deur een of sommige van die vennote bedryf word
		F	fisieke voorwerpe wat ons op land of in die ruimte aantref
		G	wette wat geldig is en billik geïmplementeer word

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur 'n item uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

arbeidshowe; hofverslae; landdroshof; regsreëls; jurisdiksie; norme; laer howe; eenvormigheid; geregtigheid; middelhowe; landelike howe; stedelike howe; hoër howe

Volgens die stelsel van regspresedent bind die beslissing van (4.1 ...) die (4.2 …).

Regspresedent verseker regs- (4.3 …) en -sekerheid. Die betekenis en omvang van (4.4 …) word in regspresedent aangetref.

(4.5 …) sit die uitsprake van Hoë Howe, die Hoogste Hof van Appèl en die Konstitusionele Hof uiteen.

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Noem VYF eienskappe van regsnorme. (5)

5.2 Wat is die verskil tussen *natuurwette* en *wette van die samelewing*?

(2 × 2) (4)

5.3 Die vereistes en reëls vir testamente word in die Wet op Testamente 7 van 1953 en gemeenregtelike reëls aangetref.

Noem VYF vereistes van 'n geldige testament. (5)

5.4 Daar is twee tipes serwitute in die Suid-Afrikaanse reg.

Noem die TWEE tipes serwitute en beskryf elkeen.

(2 × 3) (6)

[20]

VRAAG 6

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat volg:

Die doel van die oppergesag van die reg is onder meer om sosiale konflik op te los, orde te handhaaf en geregtigheid te bevorder. Daarby word van die Staat vereis om ooreenkomstig vooraf aangekondigde, duidelike en algemene reëls op te tree wat onpartydige howe ooreenkomstig billike prosedures afdwing.

6.1 Noem die SES kriteria waaraan 'n gewoonte of gebruik moet voldoen ten einde wet te word. (6)

6.2 Noem AGT van die belangrikste pligte van trustees. (8)

6.3 Om die polisie in staat te stel om 'n ondersoek na 'n saak te voltooi, moet 'n lasbrief aan hulle uitgereik word.

Noem SES bevoegdhede van die polisie wat hulle na behore in staat stel om hul ondersoek te voltooi. (6)

6.4 Definieer die term *reële getuienis* en gee TWEE voorbeelde van sodanige getuienis wat in hierdie kategorie val. (5)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 45

AFDELING C

VRAAG 7

Ontleed die rol van inheemse reg in Suid-Afrika met 'n spesifieke fokus op die volgende:

7.1 Inheemse reg en die huwelik (5)

7.2 Die erkenning van inheemse reg ingevolge artikel 211(3) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996. (6)
[11]

VRAAG 8

8.1 Bespreek die hofprosedure tydens 'n strafregtelike verhoor wat spesifiek op die staat se saak fokus. (10)

8.2 Die hiërargie van gewone howe impliseer dat daar twee soorte gewone howe is: hoër howe en laer howe.

Noem VIER spesiale hoër howe. (4)
[14]

TOTAAL AFDELING C: 25
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou